Meyerspark Bybelstudie – Stap saam deur die Psalms (2)

Psalm 1 (Vervolg) – Psalm 1 as inleiding tot en opsomming van die Psalms

I	A	1a	[1] Gelukkig is die mens wat
		b	nie loop in die raad van goddelose mense nie,
		1c	en nie staan op die pad van sondaars nie
		d	en nie sit in die sitplek van spotters nie;
		2a	[2] maar wat sy vreugde vind in die Tora van die Here,
		b	en oor sy Tora nadink
		c	gedurende die dag en die nag.
	B	3a	[3] Hy sal wees soos 'n boom geplant by strome water
		b	wat sy vrugte gee op sy tyd,
		3c	en waarvan die blare nie verlep nie.
		d	En met alles wat hy doen, is hy suksesvol.
II	B^1	4a	[4] Die goddelose mense is nie so nie,
		b	maar is soos kaf wat die wind uitmekaarwaai.
	A^1	5a	[5] Daarom sal goddeloses nie opstaan in die oordeel
		b	of sondaars in die byeenkoms van regverdiges nie.
III	C	6a	[6] Want die Here ken die pad van die regverdiges,
		b	maar die pad van goddeloses sal doodloop.



Psalm 1 is nie 'n tipiese psalm nie. Dit is 'n soort saligspreking wat baie ooreenkomste toon met Spreuke 1. Dit is nie (soos meeste psalms) 'n klag of danklied of 'n toewydingsgebed wat met die Here praat nie, maar is aan die leser gerig. Die skrywer som die twee moontlike lewenspaaie op en roep die leser op om die Here se pad, die pad van die Tora, te volg. Die skrywer was baie talentvol en goed onderrig in die digkuns, die Tora, die Profete en die Wysheidsboeke. Deur na verskillende gedeeltes in die Hebreeuse Bybel te verwys, demonstreer hy die kennis van iemand wat "dag en nag" oor die Tora mediteer. Die psalm dien terselfdertyd (saam met Ps 2) as 'n inleiding tot die Psalms. Die "goddelose mense" wat in die Psalms die hele tyd geteken word as die vyande van die "regverdiges" word hier reeds ontmasker as mense wat die keuse gehad het om op die Here se pad te loop, maar gekies het om dit nie te doen nie.

1. Lees Jer 17:5-10. Watter ooreenkomste is daar met Ps 1? En verskille? Het die skrywer van Ps 1 na Jer 17 verwys, of is dit andersom?

2. Lees Spreuke 1:10-33. Watter ooreenkomste is daar met Ps 1? En verskille? Op watter manier lewer die skrywer van Ps 1 kommentaar op Spreuke 1?